

16 SEPTEMBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 92
FOKUSGEDEELTE: PSALM 92:16

Die Here is regverdig, ondanks onreg wat voortgaan

Die Here is regverdig, ondanks die onreg waardeur gelowiges soms bedreig word. Daarom kan elke gelowige soggens oor sy liefde en saans oor sy trou sing.

Onreg wat op ons pad kom, laat verval ons so maklik in twyfel of God getrou is. Dit is ook nie snaaks nie, want die groot dae van die Here is diep en geensins eenvoudig om te ontrafel nie. Daarvoor is wysheid nodig. Diegene aan wie God wysheid gee, sien die goue draad van sy regering raak, selfs al floreer die onreg skynbaar. Die bewys van God se regverdigheid vind ons in die geloofsgroei van sy dienaars. Hulle is soos palmbome wat tot in hulle ouderdom aanhou groei. Wanneer teëspoed of goddelose vyande hulle teëkom, kan dié dienaars met buffelkrag weerstand bied. Die gelowiges sal aanhou om God te dien, met die sekerheid dat God regeer. Ons kan seker wees dat Hy in sy almag met wysheid oor die onreg sal oordeel en die skuldiges sal straf.

God se regverdige heerskappy was sigbaar in die bewaring van sy ou verbondsvolk te midde van goddelose wêreldmagte. Toe hulle vanweë hulle sondes gestraf is, was daar weer vergifnis na hulle berou. Jesus Christus is gestuur om vir die sondes van die wêreld te betaal. Die skynbare onreg van sy verhoor is oorwin deur die regverdige oordeel van God. Deur sy straf het daar vir ons verlossing gekom. Die regverdige God se liefde vir sy kinders seëvier en sal ons laat deel in die volheid van sy genade.

Sing: Psalm 92:6 (Totius, bl. 467)

Dr Callie Opperman (Windhoek-Suid)